Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1170**(E)**(J20)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# HANDELSREG N5

(13030105)

**20 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.
6. AL die antwoorde moet VOLSINNE wees, tensy anders aangedui.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ’n Debiteur pleeg ’n daad van insolvensie wanneer hy of sy ’n ooreenkoms met een van sy of haar krediteure aangaan om hom of haar gedeeltelik van sy of haar skuld kwyt te skeld.

1.1.2 ’n Openbare maatskappy mag begin sake bedryf sodra die akte van oprigting by die aktekantoor geregistreer is.

1.1.3 Die aandele van ’n private maatskappy mag op die Johannesburgse Aandelebeurs (JSE) genoteer word.

1.1.4 Indien ’n minderjarige borg staan vir ’n ander minderjarige (debiteur), is die borg (minderjarige) nie vir die minderjarige se skuld aanspreeklik nie.

1.1.5 ’n Agent wat namens ’n prinsipaal handel en dit aan die ander (derde) party openbaar, is kragtens die kontrak aanspreeklik as hy of sy self die kontrakterende party is.

1.1.6 Die vennote (lede) van ’n vennootskap moet almal geld bydra om geldige lede te word, terwyl die lede van ’n beslote korporasie geld, vaardighede en/of arbeid moet bydra om lede van die BK te word.

1.1.7 Die pandnemer/pandhouer kan die vrugte of opbrengs van die verpande goedere vir sy of haar eie gewin gebruik.

1.1.8 As die verbandgewer nalaat om te betaal, kan die verbandnemer die kapitaalbedrag en rente opeis deur hom of haar op die oproepingsklousule te beroep.

1.1.9 Ingevolge die nuwe Maatskappywet mag geen nuwe beslote korporasies gestig word nie, maar ’n bestaande beslote korporasie wat verkoop is, mag voortgaan om sake in daardie hoedanigheid te bedryf totdat die eienaar besluit om die eienaarskap na dié van ’n private maatskappy te verander.

1.1.10 Waar dit duidelik is dat die debiteur se boedel insolvent is, moet die kurator besluit watter bates van die insolvente boedel gelikwideer word of nie, en hoeveel geld onder die krediteure van sodanige debiteur verdeel gaan word.

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 As ’n lid van ’n BK die sake van daardie BK op ’n onbehoorlike manier hanteer, kan hy/sy ...

A gepenaliseer word deur hom of haar nie toe te laat om ’n sekere aantal ledevergaderings by te woon nie.
B versoek word om as ’n lid van daardie BK te bedank.
C persoonlik aanspreeklik vir die skuld van daardie BK gehou word.
D gepenaliseer word deurdat sy of haar ledebelang (%) verminder word.

1.2.2 Situasie waarvolgens ’n reg op verhaal gesedeer word as sekuriteit vir ’n skuld of verpligting.

A Retensiereg
B Pand
C Sessie om ’n verpligting te verseker
D Verband

1.2.3 ’n Verteenwoordiger wat deur óf die koper óf die verkoper aangestel word om ’n koopkontrak namens hom of haar te onderhandel, is ’n ...

A makelaar.
B del credere-agent.
C eiendomsagent.
D faktor.

1.2.4 Die woord BEPERK of die afgekorte weergawe daarvan (Bpk), soos dit aan die einde van ’n maatskappy se naam verskyn, dui aan dat die ...

A kapitaal van ’n maatskappy tot ’n sekere bedrag beperk word.
B aandeelhouers of eienaars van sodanige maatskappy tot ’n sekere aantal beperk word.
C aandeelhouers se aanspreeklikheid beperk is.
D aantal aandele wat te koop aangebied kan word, beperk is.

1.2.5 Die bates wat as sekuriteit vir voorkeurkrediteure in ’n insolvente boedel dien, staan bekend as ... bates.

A vaste
B roerende
C gesekwestreerde
D spesiaal gesekureerde

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2.6 ... vind plaas wanneer die insolvente debiteur die hof versoek om sy of haar boedel tot voordeel van die krediteure oor te gee.

A Verpligte sekwestrasie
B Vrywillige oorgawe
C Likwidasie
D Insolvensie

1.2.7 Watter EEN van die stellings is korrek met betrekking tot ŉ gewone vennootskap?

A Lidmaatskap varieer van 1 tot 20 vennote.
B 'n Vennootskapsooreenkoms kan slegs mondeling aangegaan word.
C Aktiewe vennote is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir vennootskapskuld.
D Die vennote mag slegs kapitaal tot die vennootskap bydra.

1.2.8 Medeborge is twee of meer persone ...

A wat vir dieselfde skuld aanspreeklik is.
B met 'n reg op dieselfde skuld.
C wat instem om die borg se skuld slegs onder sekere voorwaardes te betaal.
D wat vir iemand anders se skuld aanspreeklik is.

1.2.9 Die insolvente debiteur kan onthef word van die belemmeringe wat deur sekwestrasie aan hom of haar opgelê word ...

A deur konsolidasie van die boedelskuld.
B deur ŉ aanbod van akkoord aan die krediteure.
C deur rehabilitasie.
D deur ŉ insolvensiehandeling.

1.2.10 Watter van die volgende inligting is nie vervat in 'n maatskappy se akte van oprigting nie?

A Naam van die maatskappy
B Wie kontrakte namens die maatskappy mag beding
C Aandelekapitaalbedrag
D Funksies van ŉ ouditkomitee

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.3 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| versweë; skadeloos stel; beperk(te); beperk deur garansie; insolvensie; prospektus; estoppel; agent; borg/pand; verband; retensiereghouer; del credere; stilswyende hipoteek; statute; prinsipaal; bekragtiging; leerstuk van toegerekende kennis; inkorporasiesertifikaat; anoniem; vennootskap; Turquand-reël; sertifikaat om besigheid te begin; beslote korporasie; verteenwoordiger |

1.3.1 Die ... is ’n persoon wat, sonder om opdrag te ontvang, namens ’n afwesige persoon handel om daardie persoon se eiendom teen skade te beskerm.

1.3.2 Ingevolge die reg is dit verpligtend vir ’n ... as ’n sake-entiteit om ’n rekenpligtige amptenaar aan te stel.

1.3.3 Die ... van die verhuurder word oor die roerende eiendom van die huurder uitgebrei ten opsigte van agterstallige huurgeld.

1.3.4 Die leerstuk van ... bind ’n persoon aan die indruk wat hy of sy geskep het.

1.3.5 ’n Maatskappy sonder aandelekapitaal staan bekend as ...

1.3.6 Volgens die leerstuk bekend as ... word enigiemand wat met ’n maatskappy handel as ingelig oor die inhoud van daardie maatskappy se openbare dokumente beskou.

1.3.7 ’n ... dien as bewys dat ’n maatskappy behoorlik volgens maatskappyreg geïnkorporeer is.

1.3.8 ... is die goedkeuring van ’n regsaksie deur ’n persoon wat ’n ander persoon namens hom of haar uitgevoer het, en ten opsigte waarvan daardie persoon nie die gesag gehad het om dit te doen nie.

1.3.9 Vennote ... hulle normaalweg teen eise teen die vennootskap by die aftrede of dood van ’n vennoot.

1.3.10 Met betrekking tot ’n agentskap, waar die agent die prinsipaal verteenwoordig wat nie aan die publiek bekend is nie, staan die verskynsel bekend as die ... prinsipaal.

(10 ×1) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Skryf DRIE geldige redes neer waarom mense eerder ’n beslote korporasie (BK) as ’n maatskappy of ’n vennootskap sal stig. (3 × 2) (6)

2.2 Skryf kort verklarende aantekeninge oor die naam van ’n beslote korporasie. (5 × 2) (10)

2.3 Noem VIER eienskappe van ’n vennootskap. (4 × 2) (8)

2.4 ’n Maatskappy verkry ’n regspersoonlikheid onafhanklik van sy lede.

Noem VIER gevolge wat uit hierdie stelling voortspruit. (4 × 2) (8)

2.5 Gee redes waarom die volgende stellings oor maatskappye nie waar is nie:

2.5.1 Wanneer ’n maatskappy op die Johannesburgse Aandelebeurs (JSE) genoteer word, word ’n inkorporasiesertifikaat aan die publiek uitgereik waarin hulle uitgenooi word om aandele te koop.

2.5.2 Die Maatskappywet no. 61 van 1973 maak slegs voorsiening vir die vestiging van daardie maatskappye met ’n aandelekapitaal.

2.5.3 Verrigtinge om ’n maatskappy te sekwestreer word onderneem deur ’n hof in die distrik waar sodanige maatskappy sake doen.

2.5.4 ’n Onderneming wat in die verkoop van kunswerke handeldryf, kan slegs registreer as ’n onderneming sonder winsoogmerk en nie as ’n Artikel 21-maatskappy nie.

2.5.5 Die woord ‘Beperk’, soos dit in die naam van ’n maatskappy verskyn, beteken dat die aandeelhouers van daardie maatskappy sy skuld moet betaal indien die maatskappy in die toekoms gesekwestreer sou word. (5 × 2) (10)

2.6 Noem VIER insolvensiehandelinge wat die wetgewer geskep het. (4 × 2) (8)
**[50]**

**OF/EN**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 3

3.1 Die stigtingsverklaring van ’n beslote korporasie wat in sy voorgeskrewe vorm opgestel is, moet sekere besonderhede bevat.

Noem enige SEWE sodanige besonderhede. (7 × 2) (14)

3.2 Verduidelik kortliks die volgende regte van vennote:

3.2.1 Reg op vergoeding

3.2.2 Reg op verdeling van bates ná beëindiging

(2 × 6)

3.3 Noem die verskillende tipes/klasse aandele van ’n maatskappy. (4 × 2) (8)

3.4 Wanneer verloor ’n pandhouer nie sy of haar reg op ’n artikel nie, selfs al verloor hy of sy besit van die artikel wat verpand is? (3 × 2) (6)

3.5 Identifiseer die tipe agent wat in elk van die volgende gevalle betrokke is:

3.5.1 Bryan stel Abongile aan om te onderhandel oor die koop van ’n huis by Joyce.

3.5.2 Martina sukkel al maande lank om ’n koper vir haar plaas te kry. Die plaashuis en skure moet met al die vee en toerusting verkoop word. Mandla, ’n toepaslik gekwalifiseerde agent, lig Martina in dat die maklikste manier om die plaas en sy inhoud te verkoop deur middel van ’n openbare veiling is. Martina stel Mandla aan om die verkoop te hanteer.

3.5.3 Chanell stel Lerato aan om die aankoop van ’n televisiestel by Faadiel te beding.

(3 × 2) (6)

3.6 Lewer kommentaar op die volgende stelling oor maatskappye. Ingevolge die nuwe Maatskappywet raak private en publieke maatskappye nie insolvent nie; hulle word eerder aan ’n ondernemingsreddingsproses onderwerp.

**Wenk:** Noem eers of jy met hierdie stelling saamstem of nie; lewer daarna kommentaar deur neer te skryf waarom jy met die stelling saamstem of daarvan verskil. (4)

**[50]**

**OF/EN**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 4**

4.1 Elke persoon wat ’n lid van ’n beslote korporasie word, moet ’n aanvanklike bydrae gee.

Noem die wyses waarop hierdie bydrae gedoen kan word. (3 × 2) (6)

4.2 Bespreek die moontlikheid dat ’n minderjarige ’n lid van ’n beslote korporasie kan word. (3 × 2) (6)

4.3 Bespreek die gevolge van die ontbinding van ’n vennootskap oor die algemeen. (2 × 2) (4)

4.4 Kritiseer die volgende stelling rakende vennootskappe:

Wanneer ’n vennoot sy of haar stilswyende magtiging oorskry het, kan die medevennote die transaksie stilswyend bekragtig.

Verduidelik kortliks. (3 × 2) (6)

4.5 Verduidelik kortliks die effek van insolvensie op die boedel van ’n gesekwestreerde vennootskap. (3 × 2) (6)

4.6 Noem die vereistes wat nagekom moet word voordat kontrakte wat voor inkorporasie aangegaan word, ná inkorporasie deur ’n maatskappy bekragtig kan word. (4 × 2) (8)

4.7 Skryf DRIE gemeenregtelike voorregte neer wat aan ’n borg verleen word indien die krediteur betaling van hom of haar eis. (3 × 2) (6)

4.8 Noem TWEE voordele wat die sekwestrasieproses vir krediteure inhou. (2 × 2) (4)

4.9 Gee TWEE tipes verrykingsretensieregte wat voorkom. (2 × 2) (4)
**[50]**

**OF/EN**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 5**

5.1 Noem die maniere waarop lidmaatskap by die stigting van ’n beslote korporasie verkry kan word. (4 × 2) (8)

5.2 Gee redes waarom die volgende stellings oor vennootskappe nie waar is nie:

5.2.1 ’n Buitengewone vennootskap kan uit enige getal vennote bestaan.

5.2.2 Sodra ’n vennootskap as ’n regsentiteit geregistreer is, reik die registrateur van maatskappye ’n inkorporasiesertifikaat aan die vennootskap uit.

5.2.3 Voordat ’n vennoot aftree of sterf, kan hy of sy ’n ander persoon nomineer om sy of haar plek in die vennootskap in te neem.
(3 × 2) (6)

5.3 Lewer kommentaar op die volgende stelling:

’n Persoon kan slegs as ’n vennoot aangestel word as hy/sy ’n geldelike bydrae tot die vennootskap maak. (2 × 2) (4)

5.4 Noem die vereistes wat ’n vennootskap moet nakom voordat die vennootskap gebind sal wees aan enige kontrak wat hy aangaan. (2 × 2) (4)

5.5 Skryf kort aantekeninge oor die leerstuk van toegerekende kennis. (2 × 2) (4)

5.6 Noem VIER dokumente wat die prospektus moet vergesel wanneer ’n maatskappy vir registrasie voorgelê word. (4 × 2) (8)

5.7 Wat bewys ’n inkorporasiesertifikaat? (2)

5.8 Hoe staan verbande bekend wat sonder enige ooreenkoms ontstaan? Noem ook HOE dit kan gebeur. (2 × 2) (4)

5.9 Verduidelik kortliks die betekenis van vernietigbare beskikkings, soos dit kragtens insolvensie van toepassing is, en skryf enige TWEE voorbeelde van sodanige beskikkings neer.
(3 × 2) (6)

5.10 Noem TWEE gevalle waar ’n krediteur om die sekwestrasie van ’n debiteur se boedel aansoek kan doen. (2 × 2) (4)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou